# *Tango deur* SUID-AMERIKA

## 14 tot 25 Maart 2027

Kom saam op ons 12-dae avontuur deur Suid-Amerika. *Tango* deur ***Argentinië*, *Uruguay* en *Brasilië***! Die spesiale groepstarief beloop **R57 990** per persoon. Voordele van die toer is dat ons 'n direkte vlug onder 10-uur tussen Suid-Afrika en Sao Paulo in Brasilië gebruik en dat daar geen visums vir die toer benodig word nie.

## Reisplan

**Dag 1: Sondag, 14 Maart** **Kaapstad / Johannesburg → Sao Paulo**

Die groot dag breek uiteindelik aan! Ons vlug vertrek vroegmiddag vanaf Kaapstad en Johannesburg. Aandete word op die vlug bedien. Na 'n vlugtyd van net minder as 10-uur land ons op die Guarulhos-lughawe in Sao Paulo, die besigste en grootste lughawe in Suid-Amerika.

Ons neem die *shuttle bus* vir die entjie na die netjiese ***Hampton by Hilton Hotel***, digby die lughawe, waar ons die volgende twee nagte oorbly.

**Dag 2: Maandag, 15 Maart** **Sao Paulo → Santos → Sao Paulo**

Na 'n heerlike ontbyt vertrek ons om 09:00 met ons luukse bus en 'n plaaslike toergids vir ons 8-ure besigtigingstoer van **Sao Paulo** en die mooi hawestad **Santos**, ongeveer 75 km daarvandaan.

In Sao Paulo, Brasilië se grootste stad met meer as 11 miljoen inwoners, sien ons onder andere die volgende:

- ✓ Ibirapuera Park (aangewys as beste park in die wêreld deur die *Guardian Magazine*)
- ✓ Liberdade Neighborhood (*the Japanese area*)
- ✓ Sé Cathedral

Daarna reis ons vir ongeveer 'n uur na Santos, waar ons die hoogtepunte van die stad besoek.

- ✓ Besoek die Koffie-museum, waar wêreld koffie-pryse vroeër beding is.
- ✓ Die Sokker-museum is opgedra aan die stad se bekendste sokkerspelers, onder Andere Pelé.
- ✓ Loop 'n ent op die mooi promenade met sy skoon strande!



***Sao Paulo** is een van die grootste stede in die wêreld*




*Die kleurvolle **La Boca**-distrik in Buenos Aires*

**Dag 3: Dinsdag, 16 Maart** **Sao Paulo → Buenos Aires**

Na ontbyt neem ons die hotel se *shuttle bus* na die lughawe vir ons oggendvlug van ongeveer 3-ure na **Buenos Aires**, Argentinië se boomryke hoofstad. Ons word op die Ezeiza-lughawe ontmoet deur ons toergids vir die volgende drie dae.

Ons reis per bus na die sentraalgeleë ***Efe Hotel***, waar ons die volgende drie nagte oorbly. Die vier-ster hotel is net 150 meter vanaf die *Galerias Pacifico Mall* en 300 meter vanaf die *Plaza San Martin.* Daar is tyd om uit te pak en die stad te begin verken. Moenie die bekende *Floridastraat* misloop nie!

**Dag 4: Woensdag, 17 Maart** **Buenos Aires**

Na ontbyt vertrek ons op 'n besigtigingstoer van hierdie interessante stad. Ry verby Buenos Aires se baie parke, historiese geboue en monumente na *Palermo, Belgrano en Recoleta*. Besoek die indrukwekkende *Metropolitan Cathedral* en sien die *Government House*, vanwaar Evita haar bekende laaste toespraak gelewer het.

Besoek ook Evita se graf in *Recoleta*. Een van die hoogtepunte van dié toer is 'n besoek aan die kunstenaars-distrik, *La Boca*, met sy kenmerkende kleurryke geboue.

♫ Vroegaand vertrek ons (dressed in smart casual attire 😊) na die San Telmo-distrik om by ***LA VENTANA TANGO*** 'n heerlike drie-gang ete en uitstekende Tango-vertoning te beleef ♫. Dit is een van die hoogtepunte van ons toer!

## Dag 5: Donderdag, 18 Maart  Colonia (Uruguay)

Na 'n vroeë ontbyt vertrek ons per bus na die *Buquebus Ferry Terminus*. Ons reis vandaar per veerboot vir ons voldag toer na **Colonia** in **Uruguay**. Die veerboot-rit oor die ***Río de la Plata*** duur net meer as 'n uur.

> **Colonia del Sacramento**, commonly known as **Colonia**, is a picturesque town in southwestern Uruguay, located on the east bank of the Río de la Plata. It is inscribed on the UNESCO World Heritage List. Colonia is one of the oldest towns in Uruguay and was founded in 1680. It serves as the capital of the Colonia Department, with a population of around 27,000.

In Colonia doen ons 'n besigtigingstoer na al die hoogtepunte van die stad met 'n plaaslike toergids. Besoek die historiese buurte van die stad, die oorspronklike Spaanse fort, die ikoniese Colonia lighuis en die *San Carlos Real Bull Square*. Laatmiddag keer ons per veerboot terug na Argentinië.



*Die Wêrelderfenis-gebied in **Colonia**, Uruguay*



*Die **Teatro Colon**, Buenos Aires se geskiedkundige Operahuis*

## Dag 6: Vrydag, 19 Maart  Buenos Aires → Iguassu

Na ontbyt het ons die oggend vry om die stad verder te verken. Diegene wat belangstel in Buenos Aires se geskiedkundige Operahuis, die *Teatro Colon*, kan dit vanoggend besoek. Dit word beskou as een van die vier belangrikste Operahuise in die wêreld. Daar is ook tyd vir inkopies in die stadslane met hulle Franse argitektuur. Die bekende "pedestrian" Floridastraat is ook digby ons hotel geleë.

Vroegmiddag vertrek ons sak en pak met ons bus na die lughawe vir ons vlug van ongeveer 2-ure na Iguassu. Ons bly die volgende twee nagte oor in die ***Viale Cataratas Hotel*** in Iguassu. Daar is 'n groot inkopiesentrum naby die hotel en dit is handig vir die aankoop van water, koeldrank en so meer.

## Dag 7: Saterdag, 20 Maart  Iguassu-watervalle (Argentynse kant)

Na ontbyt breek een van die groot hoogtepunte van ons toer aan: 'n besigtigingstoer van die indrukwekkende Iguassu-watervalle, geleë op die grens tussen Argentinië, Brasilië en Paraguay. Die watervalle is in 'n pragtige reënwoud, wat deel is van die *Parque Nacional Iguazu*, geleë. Daar is eksotiese subtropiese flora en meer as 400 voëlspesies te sien. 'n Engelstalige gids sal ons begelei op die treintjie- en staproetes. Vandag het ons 'n 6-ure besoek aan die Argentynse kant van die watervalle.

Laatmiddag het ons kans om by ons hotel en sy lieflike swembaddens te ontspan.



*Die **Viale Cataratas Hotel***



*Die ongelooflike **Iguassu-watervalle***

**Dag 8: Sondag, 21 Maart** **Iguassu-watervalle (Brasiliaanse kant) → Rio de Janeiro**
Ons het 'n rustige oggend – opstaan en ontbyt op eie tyd. Om 11:00 vertrek ons met ons bus en toergids oor die grens tussen Argentinië en Brasilië na die Brasiliaanse kant van die Iguassu-watervalle. Ons het 'n vier-ure toer om die skouspel verder te beleef. Laatmiddag vertrek ons na die *Foz do Iguazu-lughawe* vir ons binnelandse vlug na **Rio de Janeiro**. Ons plaaslike toergids sal ons by die lughawe inwag en vergesel na ons hotel.
Ons bly die volgende drie nagte oor in die ***Mirador Rio Hotel***, wat vyf blokke van die Copacabana-strand geleë is.

**Dag 9: Maandag 22 Maart** **Rio de Janeiro**
Vanoggend breek 'n volgende hoogtepunt van ons toer aan: 'n besoek aan een van die nuwe sewe wonders van die wêreld: die **Corcovado Christus-beeld**. Na ontbyt ry ons verby die strande van *Cosme Velho* na Corcovado, waar 'n tandrat-trein ons na 'n hoogte van 710 meter neem. Die imposante *Christus die Verlosser*-standbeeld is 40 meter hoog. Geniet ook die pragtige uitsig oor die stad Rio. Ons sien ook die mooie Tijuca-reënwoud in die Tijuca Nasionale Park.

**Dag 10: Dinsdag, 23 Maart** **Rio de Janeiro**
Na ontbyt vertrek ons per bus vir 'n besigtigingstoer van Rio se hoogtepunte. Sien die ou sakekern van die stad, historiese geboue, kerke, teaters en museums! Daarna vertrek ons na ***Suger Loaf Mountain***, wat ons per kabelkar bestyg. Ry eers per kabelkar na die eerste fase, *Urca Hill*, wat 220 meter hoog is, en dan vandaar na die bopunt van *Sugar Loaf*, 396 meter hoog. Daar is tyd om die interessante stappaadjies te verken en die ongelooflike uitsig te beleef.


*Die **Corcovado Christus-beeld** troon uit oor Rio de Janeiro*


*Die beroemde **Ipanema-strand** in Rio*

**Dag 11: Woensdag, 24 Maart** **Rio de Janeiro → Sao Paulo →**
Na ontbyt het ons die oggend vry vir laaste verkenning en inkopies in polsende Rio. Vroegmiddag vertrek ons na die lughawe vir ons vlug na Sao Paulo. Die binnelandse vlug duur ongeveer een uur en 40 minute.
Vanaand vertrek ons vlug van ongeveer 8-uur terug na Suid-Afrika. Aandete word op die vlug bedien.

**Dag 12: Donderdag, 25 Maart** **→ Johannesburg**
Na ontbyt en 'n wonderlike belewenis in ***Suid-Amerika*** land ons vanoggend in **Kaapstad** en **Johannesburg**.

## INGESLUIT BY DIE TOERKOSTE:

- ✓ 'n Internasionale retoervlug tussen Johannesburg en Sao Paulo in die ekonomiese klas.
- ✓ 'n Streeksvlug tussen Sao Paulo en Buenos Aires in die ekonomiese klas.
- ✓ Drie binnelandse vlugte: tussen Buenos Aires & Iguassu, tussen Iguassu & Rio de Janeiro en tussen Rio de Janeiro & Sao Paulo, in die ekonomiese klas.
- ✓ Lughawebelastings en brandstofheffings vir al die vlugte.
- ✓ Luukse busvervoer in Buenos Aires, Colonia, Iguassu en Rio de Janeiro.
- ✓ Alle nodige vervoer tussen die lughawens en hotelle.
- ✓ Alle besigtigingstoere soos in die reisplan beskryf, met plaaslike Engelssprekende toergidse, asook toegangsgelde waar nodig.
- ✓ 'n Aand-ekskursie na die *La Ventana Dinner & Tango Show* in Buenos Aires vir 'n onvergeetlike aand van musiek en tango – aandete ingesluit.
- ✓ 'n Besigtigingstoere van die Iguassu-watervalle vanaf die Brasiliaanse en Argentynse kante, met die insluiting van die Nasionale Park-fooie van $75 (ongeveer R1 300) per persoon.

- ✓ Verblyf in die volgende uitgesoekte hotelle:
  - Twee nagte in die *Hampton by Hilton Hotel Guarulhos*, Sao Paulo
  - Drie nagte in die *Efe Hotel*, Buenos Aires
  - Twee nagte in die *Viale Cataratas Hotel*, Iguassu
  - Drie nagte in die *Mirador Rio Hotel*, Rio de Janeiro
- ✓ Buffet-ontbyt elke oggend ingesluit.
- ✓ Die dienste van 'n ervare toerleier deurentyd.

## LET ASSEBLIEF OP DIE VOLGENDE:

- Die toerkoste van **R57 990** is gebaseer op lugreisgelde en landreëlingskostes in Maart 2026 en is onderhewig aan wisselkoers-veranderings. Die toerkoste is gebaseer op 'n wisselkoers van $1 = R17.
- Die bybetaling vir diegene wat 'n enkelkamer verlang beloop **R9 880**.
- Indien daar probleme met die bespreking van een van die genoemde hotelle mag ontstaan, sal daar van 'n soortgelyke hotel gebruik gemaak word.
- Billike en omvattende groeps-reisversekering van ***TIC Europ Assistance*** is beskikbaar vir alle toerlede onder die ouderdom van 70 jaar teen **R420** vir die twaalf dae (vir diegene bo 75 jaar is daar 'n bybetaling).
- Gelukkig het ons het geen visums nodig vir hierdie toer nie.
- Elke toerlid het 'n geelkoors-inpuitingsertifikaat nodig vir die toer.
- Ten minste 34 passasiers moet deurgaans saamreis.
- 'n Deposito van **R8 500** moet met bespreking vereffen word om 'n plek op die toer te verseker.
- Deposito's is nie terugbetaalbaar nie, aangesien vlugkaartjies reeds na bespreking van die toer uitgereik moet word.
- Die balans van die reisgeld moet **voor 19 Desember 2026** vereffen word.
- Kredietkaart-betalings word ongelukkig nie aanvaar nie.

## HOE OM TE BESPREEK:

Voltooi so gou as moontlik die besprekingsvorm en vrywaringsvorm en e-pos dit aan info@vandyktours.co.za.
Deposito's moet inbetaal word op (of oorgeplaas word na) die volgende rekening by
Nedbank: 119 1533 964 Tak: *George* Takkode: 198 765
Rekeninghouer: *Van Dyk Travel* Tipe rekening: Lopende/Besigheids Verwysing: SAM27/en u van
Kontak die toerleier, ***Renhard van Dyk***, vir enige verdere navrae:
*Tel nr:* 082 767 8400 *Faks nr:* 086 733 8987 *E-pos:* info@vandyktours.co.za



VAN DYK TOERE
INNOVERENDE KWALITEIT SEDERT 1995